

CERES-OMGEWING

Tem die Esel op twee wiele



Die groen roete op Eselfontein is 'n enkelspoor-bergfietsroete met 'n puik balans tussen swaartekrag en momentum. Maar die rooi roete neem jou berg- op en sal meer konsentrasie verg. Foto's: JACQUES MARAIS

Ek was lanklaas op Eselfontein, goed 'n dekade laas, maar soos mense sê: Hoe meer dinge verander, hoe meer bly dit dieselfde. Die heuwels is bedek deur 'n tapyt stekelrige renosterbos, en die ruwe bergpieke troon hoog teen die vroeg-winter se blanke-en-blou hemel daar bo.

Die kudde jerseykoeie het aangegroei, en die plaas het nou een van die grootste melkerie in die land. Die historiese opstal is steeds 'n verwelkome gesig aan die einde van die grondpad.

Maar as jy verder ry met die plaaspad langs, sien jy dat die ou skuur nou in 'n eko-gastehuis omskep is.

Dit is waar ons klomp vriende ons sleepwa uitpak vir die naweek, en dit is ook omtrent die laaste sien van die klomp kinders. Hulle verdwyn binne minute soos mis voor die

As 'n klein bietjie plaas deur jou are pomp, moet jy op Eselfontein in die Ceres-omgewing gaan kuier – en jou fiets bring, sê Jacques Marais.

môreson; party af rivier toe, ander op hul fietse en die seuns op na die jersey-kalfies.

Vleis, rooiwijn, bier, kofie – die vier belangrikste goed vir ons verblyf – word vinnig uitgesorteer, en teen die tyd dat die sonnetjie sak, brand die vure reeds hoog.

Deon Malherbe, die baas van die plaas, kom maak 'n draai, en ons verneem 'n bietjie hoe dit gegaan het sedert ons mekaar laas by 'n bergfietsbyeenkoms raakgehoop het.

Hy bou nou reeds 'n goeie 30 jaar bergfietsroetes, en die enkelspoor hier op Eselfontein is wyd bekend wat die wynlande se dikwiele betref.

Ná 'n dop of drie staan ons bed se kant toe, want

môre sal dalk 'n lang dag in die saal wees met 'n goeie 100 km se roetes om te ry.

Die volgende dag pak ek, Hendrik, George en Karyn toe maar eers die 16 km lange groen roete aan.

Dit is sommer gou duidelik dat die enkelspoor – soos goeie rooiwijn – met verloop van tyd net beter geraak het. Dit bied 'n puik balans tussen swaartekrag en momentum.

Hier en daar op die sandderige afdraande is 'n gatswaai of twee, maar die enkelspoor is só goed, dit is meestal asof die Slider op 'n spoorlyn loop.

Ná anderhalf uur op die groen roete besluit George sy agterstewe is lam en hy skuifel op sy eie terug

huis se kant toe.

Ons trap verder, al met die rooi roete langs wat nou ernstig bergop begin beur.

Dit is juis ook in hierdie stadium waar ons 'n "klein foutjie" begaan en voor ons dit besef, is ons heeltemal verdwaal êrens op 'n uithou-motorfietsroete.

Ek besef die gemompel agter my kan vinnig in 'n muiery verander, en stel voor dat ons met die fietse deur die renosterbos marsjeer.

Hoewel nie een van die beste planne nie, was ons darem "tuis" ná sowat drie uur van avontuur.

Gelukkig is daar min dinge wat 'n koue bier nie kan oplos nie, en die laaste stuk deur die "Blair

witch forest" het dit die moeite werd gemaak.

Houtbruggies, sulke lullekker S-draaie en duikweg-drops het sommer weer woema in ons trap gesit.

Maar moenie dink dat Eselfontein net 'n plek vir fietsryers is nie. Hier is puik staproetes wat jy kan verken – onder meer 'n tegniese kloof wat jou klouterkennis goed sal uitdaag, en die Matroosbergpiek lê nie ver van die plaas af nie.

Ook drawwers en voelkykers sal nie teleurgesteld wees nie.

Ceres is minder as tien minute se ry van hier af.

In hierdie dorpie kry jy alles – van 'n Spur tot 'n Spar, sowel as 'n sweefspoor, kersieboorde waar

Eselfontein



Grafika24

5 móëtweet-dinge

1. Reisplan: Ceres is sommer lekker naby aan die Kaap.

Volg die N1 tot net voor Worcester, draai dan links met die R43 en dan met die R46 langs. Jy sal binne ongeveer 90 minute daar wees.

2. Beste tyd: Die somers is hier hittig, en in die winter gaan jou vingers afvries op die fiets. Maar nou ja, hier is pragtige swemgate en damme (nogal met kabelski), en natuurlik 'n vuurherd en rooiwijn in die winter.

3. Verblyf: Eselfontein bied verblyf vir tot tien mense in sy gastehuis, of jy kan in die bekostigbare eko-hutte bly of kampeer.

4. Toegang: Maak seker jy bespreek vooraf, want jy het 'n kode nodig om deur die hoofhek te kom.

5. Doendinge: Hier kan jy draf, stap, wynproe, fietsry, hengel (vir forelle en swartbaars), voëlkyk (ons het 'n Kaapse ooruil in die akkerbome reg langs die gastehuis gewaar), rotsklim, perdry, kabelski, swem en koeie melk. Vra liever wat hier nié is om te doen nie!

● **Volg Jacques gerus op Twitter @jacqmaraisphoto, of bel hom by 083 444 5369 oor avontuurgebeurtenisse of met buitelugnuus.**

jy die vruggies kan gaan pluk, 'n boetiek-bierbrouery, wynproeplekke, en natuurlik sneeu in die winter.

● **Indien jy 'n bietjie meer wil weet, gaan kyk gerus by www.eselfontein.co.za of www.ceres.org.za.**



Verken die vele puik staproetes op die plaas, maar pas op vir die tegniese kloof wat jou klouterkennis sal uitdaag.



Eselfontein het een van die grootste melkerie in die land, maar dit is die stap- en bergfietsroetes wat jou en jou vriende of gesin besig sal hou.



Terwyl die grootmense staproetes aandurf en bergfiets ry, kan die kleinspan by die kalwers van die jerseykoeie kuier.